

Die rol van godsdienstige identiteit in die bepaling van die “vervolgingsmodus” vir misdade teen die mensdom

The role of religious identity in determining the “mode of persecution” for crimes against humanity

CHRISTO BOTHA

Publiekreg
Universiteit van Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: cjbotha@up.ac.za



Christo Botha



Werner Nel

WERNER NEL

Prosesreg
Universiteit van Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: wnnel@uj.ac.za

<p>CJ (CHRISTO) BOTHA (Hons BA (Unisa) LLB (Pret) LLD (Unisa)) het in 1981 sy loopbaan begin in die Departement Staats- en Volkereg, Universiteit van Suid-Afrika, maar is sedert 2000 verbonde aan die Departement Publiekreg, Universiteit van Pretoria. Hy doseer wetsuitleg, internasionale strafreg, internasionale humanitêre reg en wetsopstelling, en is die outeur van die bekende wetsuitlegghandboek <i>Wetsuitleg: 'n Inleiding vir studente</i> (2012).</p>	<p>CJ (CHRISTO) BOTHA (Hons BA (Unisa) LLB (Pret) LLD (Unisa)) started his career in 1981 in the Department of Constitutional and Public International Law, University of South Africa, but since 2000 he has been a member of the Department of Public Law, University of Pretoria. He teaches legal interpretation, international criminal law, international humanitarian law and legislative drafting, and is the author of the well-known legal interpretation textbook <i>Statutory interpretation: An introduction for students</i> (2012).</p>
<p>WERNER NICOLAAS NEL behaal die grade LLB (2008) en LLM (Internasionale reg) in 2009 aan die Universiteit van Johannesburg; en LLD (2019) aan die Universiteit van Pretoria onder leiding van proff. Christo Botha en Christof Sauer; en met 'n proefskrif getiteld “International criminal accountability for religious persecution in terms of the Rome Statute: A taxonomy of</p>	<p>WERNER NICOLAAS NEL obtained the degrees LLB (2008) and LLM (International law, (2009)) from the University of Johannesburg; and LLD (2019) from the University of Pretoria, with prof. Christo Botha and prof. Christof Sauer as supervisors; and a thesis entitled “International criminal accountability for religious persecution in terms of the Rome Statute: A taxonomy of</p>

Datums:

Ontvang: 2020-03-31

Goedgekeur: 2020-10-23

Gepubliseer: Maart 2021

crimes against humanity of religious persecution”.

Dr. Nel doseer strafprosesreg aan die Universiteit van Johannesburg. Sy vernaamste navorsingsbelangstelling is die volkereg, met ’n spesifieke fokus op die gebruik van internasionale strafreg om straffeloosheid teen godsdiengebaseerde vervolging en die ontneming van godsdiensvryheidsrege teen te werk.

crimes against humanity of religious persecution”.

Dr. Nel lectures law of criminal procedure at the University of Johannesburg. His main research interest is public international law, focusing specifically on the use of international criminal law to counteract impunity for religious persecution and deprivations of religious freedom.

ABSTRACT

The role of religious identity in determining the “mode of persecution” for crimes against humanity

In the context of international criminal law and its nexus to the protection of human rights, a “religious group” is considered a “protected group”, and an adherent’s resultant “religious identity” is a “protected ground” of human existence. Consequently, serious measures of discrimination imposed on persons for reasons of their religious identity constitute a severe deprivation of fundamental human rights, and establish the individual criminal responsibility of the instigators for religious persecution as a crime against humanity (“grievous religious persecution”) in terms of the Rome Statute of the International Criminal Court (ICC). The inherent problem is that persecution on the basis of religion is not the only mode or ground of persecution criminalised by the Rome Statute, nor does it usually constitute the only ground for persecution in any specific situation. The mode or ground of persecution, or the multiplicity thereof, is based on a protected aspect of the victim’s identity, which made him or her the target of the persecutor’s discriminatory intent in the first instance. Therefore, religious persecution must be recognised and differentiated from other modes of persecution. In this regard, an assessment of the role that an individual or collective religious identity has in relation to the persecutor’s discriminatory intent in any given situation, is essential for determining the mode of persecution. However, the complexity of human identity often makes it difficult to identify the specific basis causing the perpetrator to select and target his victims in a discriminatory manner.

A person’s identity comprises multiple “identifiers”, including religion. “Religious identity” is best understood in the context of the right to freedom of “thought, conscience, religion or belief”. In general, “religious identity” relates to the derivative effect of holding a certain deep existential view, which becomes part of their identifying label, whether in a person’s own mind or that of others, or in terms of social standing. This fundamental right to one’s individual or communitarian identity is a core aspect of protection against discrimination and unequal treatment under international human rights law. In relation thereto, the discriminatory nature of persecution signifies that a person is reduced to their identification or an identifying element, and deliberately targeted for discriminatory treatment. Religious persecution is distinguishable from other modes of persecution based on the primacy of the victim’s religious identity, which resulted in him or her becoming the target of the persecutor’s discriminatory intent. Consequently, the perpetrator’s discriminatory mindset and his subjective perception of the victim’s religious identity are the most crucial elements in establishing the ground of persecution. However, a person’s “religious identity” is not limited to mere identity semantics, but may have a number of important functions and consequences. Firstly, a religious

identity may inspire an adherent's conception of life and inner consciousness (i.e. religion as a belief – deep existential view). Secondly, a religious identity may influence an adherent's sense of personal or collective identity and belonging (i.e. religion as an identifying element). In the context of religious persecution, this means that a victim's religious identity becomes the identifying factor for which he or she is discriminatively targeted. Lastly, a religious identity may affect concomitant individual or communitarian ideologies and practices, which may influence or even dictate an adherent's way of life and how they relate to, or perceive others (i.e. religion as a way of life). While most religious identities impose a commitment to a belief and the exercise of religious behaviours contributing to a positive sense of moral behaviour, other religious identities may be the root cause of manifestations of intolerance, discrimination and persecution in instances where a religious ideology negatively motivates interaction. In this regard, it is crucial to differentiate, where applicable, between religiously motivated persecution (persecution in the name of religion), and religious persecution (persecution on the basis of religious identity). By itself, a persecutor's "religious motive" does not necessarily imply that the persecutor's conduct is directed at targets because of their religious identity. Thus, persecution is committed and justified in the name of the persecutor's self-righteous religious identity, yet his persecutory conduct may be directed at any collective cause, belief, and/or identity that threaten his self-righteous aspirations. In such instances, the relevant ground of persecution will depend on the group or identity that is discriminatively targeted, which may be, for example, homophobic, xenophobic or otherwise. Thus, religiously motivated persecution may very well intersect with other grounds of persecution. In such instances, religiously motivated persecution is distinguishable from, and does not constitute, religious persecution.

Religious persecution is a form of persecution in terms of which the "religious identity" of those persecuted constitutes the primary or predominant reason for their suffering. In order to assess the nexus between the victim's religious identity and the persecutory conduct, the point at issue is whether the victim's religious identity was the primary factor resulting in him or her becoming a target of discrimination and persecution. If one were to ignore the victim's religious identity, does the basis of discrimination and persecution also disappear, or not? Depending on the result, religion may constitute the primary basis for persecution, or it may amount to an auxiliary factor. The required nexus is satisfied if the perpetrator, at the time of committing the persecutory acts, specifically targeted the victim based on his/her actual, perceived, or assigned religious identity.

The primacy of the persecutor's religious discriminatory mindset is the core aspect that determines or contextualises persecutory acts as religious persecution. Such a discriminatory intent may be directed at a person, identifiable group or collectivity with a particular religious identity ("specific religious discriminatory intention"), or that lack an accepted religious identity ("negative religious discriminatory intention"), either based on objective criteria or in the mind of the accused, provided that such a religious discriminatory intent constituted the primary (not necessarily exclusive) basis for targeting those victims. Thus, its quintessential nature requires that religious persecution must be based on religious discriminatory intent, which may be provided through proof of a direct or inferred discriminatory intent.

The inference is therefore that in terms of international criminal law, religious persecution is an accurate classification of the context of persecutory conduct if the victim's "religious identity", whether actual, perceived or assigned, was the primary basis for discrimination, regardless of the persecutor's motive for such conduct and irrespective of the existence of other possible intersecting identifiers. Based on this reasoning, it may be possible to identify

“religious identity” as the specific ground of persecution in a given situation, provided that it is possible to acquire proof of a religious discriminatory intent on the part of the persecutor; and that the discriminatory intent is sufficiently tethered to the victim’s identifiable religious identity, or lack thereof. Thus, classifying a situation as religious persecution requires an understanding of the victim’s religious identity and how it relates to the perpetrator’s discriminatory mindset. An assessment of the role of religious identity in a given situation is therefore essential in order to determine the mode of persecution.

KEYWORDS: international criminal law; international human rights law; the right to freedom of thought, conscience, religion or belief; International Criminal Court; modes of persecution; crimes against humanity resulting from religious persecution (“grievous religious persecution”); counteracting impunity for religious persecution; religious identity, religious discrimination; religiously motivated persecution

TREFWOORDE: internasionale strafreg; godsdiensvryheidsregte; internasionale strafhof; vervolgingsmodus; godsdiensgebaseerde vervolging as ’n misdaad teen die mensdom (“godsdiensgebaseerde vervolgingsvergrype”); godsdiensgerigte identiteit; godsdiensgerigte diskriminasie

OPSOMMING

’n Persoon se identiteit bestaan uit veelvuldige “identifiseerders”, insluitende godsdiens. Hierdie godsdiens georiënteerde identiteit (“godsdiensgerigte identiteit”) moet geïnterpreteer word teen die agtergrond van die reg op vryheid van “gewete, godsdiens, denke en oortuiging”. Oor die algemeen is “godsdiensgerigte identiteit” verwant aan die afgeleide effek van ’n persoon se bepaalde eksistensiële oortuiging wat sy/haar innerlike bewussyn en diep eksistensiële identiteit uitmaak, asook sy/haar begrip van die lewe vorm. As ’n beskermde aspek van menslike identiteit, sal ernstige diskriminerende maatreëls op grond van godsdiensgerigte identiteit neerkom op die skending van grondliggende menseregte. Dit kan ook tot gevolg hê dat die vervolger individuele strafregtelike aanspreeklikheid kan opdoen vir godsdiensgebaseerde vervolging as ’n misdaad teen die mensdom. Om sodanige vervolgingsmodus te bepaal, word vereis dat die vervolgte se godsdiensgerigte identiteit die primêre diskriminerende grondslag is waarop die vervolger sodanige slagoffer teiken. Dus, om ’n situasie as godsdiensgebaseerde vervolging te klassifiseer, vereis ’n begrip van die vervolgte se godsdiensgerigte identiteit en hoe dit verband hou met die vervolger se diskriminerende opset. ’n Bepaling van die rol van godsdiensgerigte identiteit in ’n gegewe situasie is dus noodsaaklik om die vervolgingsmodus te bepaal.

1. INLEIDING

In die konteks van internasionale strafreg en die neksus met die beskerming van menseregte word ’n “godsdiensgerigte groep” as ’n “beskermende groep” beskou,¹ en ’n individu se godsdiensgeoriënteerde identiteit (“godsdiensgerigte identiteit”) ’n “beskermde grond” van die

¹ ’n Godsdiensgroep word as ’n beskermende groep beskou kragtens art. 2 van die UNGA, *Convention on the Prevention and Punishment of the Crime of Genocide*, 9 Desember 1948 (*Genocide Convention*); en art. 6 van die *Rome Statute of the International Criminal Court*, Dok. A/CONF.183/9 van 17 Julie 1998 van krag 1 Julie 2002 (2002).

menslike bestaan.² As 'n beskermde aspek van identiteit die grondslag vir diskriminasie en vervolging word, kan sodanige identifiserende faktor die modus vir vervolging bepaal. Die kriminalisering van “godsdiengebaseerde vervolgingsvergrype”³ is ingevolge die Statuut van Rome gemik op die beskerming van individue en groepe teen die skending van menseregte en gruweldade wat teen hulle gepleeg word op grond van hulle “godsdienstige identiteit”.⁴ Godsdiengebaseerde vervolging is egter nie die enigste wyse van, of grond vir, vervolging wat gekriminaliseer word nie.⁵ Die gelysde gronde van vervolging betaan uit aspekte wat deel vorm van 'n mens se individuele en/of gesamentlike identiteit, en word beskerm as diepsinnige kwessies van menslikheid en menswaardigheid ingevolge internasionale reg.⁶ Die gelysde gronde van vervolging is gebaseer op 'n identifiseerbare beskermende grond in terme waarvan die spesifieke persoon of groep geteiken word. Ingevolge die Statuut van Rome moet die beskermde gronde as alternatiewe oorweeg word, en slegs een van die gronde word vereis om aan die begrip “vervolging” te voldoen.⁷ Die vervolgingsgrond, of die veelvuldigheid daarvan, is met ander woorde gebaseer op 'n beskermende aspek van die vervolgte (slagoffer) se identiteit, wat hom/haar die teiken van die vervolger (oortreder) se diskriminerende opset gemaak het. Om sodanige tersaaklike vervolgingsgrond te klassifiseer, is dit van deurslaggewende belang om die vervolgte se identiteit te bepaal en hoe 'n spesifieke aspek van sodanige

² “Godsdien” is 'n beskermende grond ingevolge die *Internasionale Handves van Regte* (wat insluit die *Universal Declaration of Human Rights* (goedgekeur in 1948) (UDHR), die *International Covenant on Civil and Political Rights* (ICCPR, 1966) met sy twee Opsionele Protokolle en die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* (ICESCR, 1966); die VN Algemene Vergadering, *Declaration on the Elimination of All Forms of Intolerance and of Discrimination Based on Religion or Belief*, UNGA Res 36/55, 73ste gesamentlike vergadering, 25 November 1981 (*Religious Discrimination Declaration*); en teen die agtergrond van vervolging, Art 7(1)(h) van die Statuut van Rome.

³ “Godsdiengebaseerde-vervolgingsvergrype” (“grievous religious persecution”) is 'n term geskep deur dr. Nel om te verwys na situasies wat aan die intensiteitsdrumpel vir godsdiengebaseerde-vervolging as 'n misdaad teen die mensdom voldoen, om sodoende sodanige uiterste vorms van vervolging van ander “ondergeskikte vorms” van vervolging te onderskei. Dit word gedefinieer as: “The deliberate and unjustifiable persecutory conduct by a persecutor based on an explicit or implied policy of conscious and intentional discrimination against a particular civilian group, primarily targeted by reason of their religious identity (irrespective of the persecutor’s motive), which act or its cumulative effect, resulted in the severe deprivation of the fundamental human rights of those persecuted, is connected to any jurisdictionally relevant inhumane act or core crime, and knowingly forms part of a widespread or systematic attack.” (Nel 2019) – Beskikbaar by: <<<http://hdl.handle.net/2263/72657>>>.)

⁴ Art. 7(2)(g), gelees saam met Art 7(1)(h), definieer vervolging ten aansien van misdade teen die mensdom as die opsetlike en ernstige ontneming van grondliggende regte strydig met die internasionale reg weens die identiteit van die identifiseerbare groep of gemeenskaplikheid op politieke, rasse-, nasionale, etniese, kulturele, godsdien-, geslags- of ander gronde wat universeel ingevolge die internasionale reg as ontoelaatbaar erken word met betrekking tot enige regsbeginself waarna verwys word in hierdie paragraaf of enige misdaad binne die jurisdiksie van die hof.

⁵ Wat betref 'n breë generiese begrip van vervolging word die volgende gronde vir vervolging oorweeg as identifiseerbare beskermende gronde ingevolge die Statuut van Rome: politieke, rasse-, nasionale, etniese, kulturele, godsdien-, geslags- of ander gronde wat universeel erken word as ontoelaatbaar ingevolge die internasionale reg. Daar is geen finale lys van vervolgingsgronde in internasionale gewoontereg nie. *Prosecutor v Duško Tadić (Trial Judgment)*, Case No. IT-94-1-T, ICTY, 7 Mei 1997, par. 712.

⁶ Meeste van die spesifieke beskermende gronde ingevolge die Statuut van Rome word egter versuur deur 'n gebrek aan bondige regsbeskrywing of eenstemmigheid.

⁷ *Tadić (verhooruitspraak)*, par 712.

identiteit verband hou met die vervolger se diskriminerende opset. Die kompleksiteit van die mens se identiteit maak dit egter dikwels moeilik om die bepalende identiteitsfaktor te herken op grond waarvan die vervolger sy of haar slagoffers diskriminerend geïdentifiseer en geteiken het. Gevolglik is godsdiens selde die enigste grondslag vir vervolging in 'n spesifieke situasie.⁸

Desnieteenstaande word individue of groepe individue op verskeie plekke oor die hele wêreld heen voortdurend vervolgd op grond van hulle godsdiens of gebrek daaraan.⁹ Godsdiens of oortuiging is een van die grondliggende elemente van 'n persoon se lewensbegrip wat aan die individu 'n spirituele identiteitsbewuswording asook solidariteit bied, en ook aan persoonlike etiek en openbare sedes vorm gee.¹⁰

Religious Freedom is perhaps the most personal of human rights, as it goes to the very core of being a human being. Yet limitations, abuse, and persecution are a daily occurrence.¹¹

As sodanig, fokus hierdie artikel op die rol wat “godsdiens” en “godsdiensgerigte identiteit” moontlik met betrekking tot godsdiensgerigte diskriminasie en -vervolging kan hê,¹² asook die gebruiklike gepaardgaande skending van godsdiensvryheidsregte.¹³ Godsdiensvryheidsregte is tersaaklik om (1) die omvang van die beskerming van godsdiensvryheid te omskryf om sodoende moontlike oortredings, soos godsdiensgebaseerde vervolging, te identifiseer; (2) om by te dra tot die verstaan van 'n “godsdiensgerigte identiteit” as 'n diepsinnige eksistensiële standpunt, as 'n identifiserende element, en as 'n lewenswyse; en om (3) gelykheid op grond van godsdiens en die beskerming teen godsdiensgerigte diskriminasie te bevorder en te kontekstualiseer. In laasgenoemde geval word geredeneer dat godsdiensgebaseerde vervolging verstaan moet word as 'n opsetlike en diskriminerende modus van vervolging wat spesifieke slagoffers “op grond van” hul godsdiensgerigte identiteit teiken. Met ander woorde, godsdiensgebaseerde-vervolging is gegrond op godsdiensgerigte diskriminasie wat ernstige ontneming/skending van grondliggende regte tot gevolg het, waaronder die reg op gelykheid en nediskriminasie op grond van godsdiens.

⁸ CL Tieszen, *Re-Examining Religious Persecution: Constructing a Theological Framework for Understanding Persecution. Religious Freedom Series*, 2008, Vol 1:41. Bes moontlik kan daar gevalle wees waar godsdiensgerigte identiteit geïdentifiseer kan word as die enigste grond vir diskriminasie en vervolging. Byvoorbeeld, die “streng ingryping” deur die Sjinese owerheid is as 'n historiese, uitgebreide geval van suiwer godsdiensgebaseerde-vervolging geëtiketteer. Radio Free Asia, *China Jails Six Protestants in Yunnan Amid Massive Crackdown on 'Evil Cult'*, 18 Januarie 2018. Beskikbaar by: <<<https://www.rfa.org/english/news/china/protestants-01182018110902.html>>>. Toegang verkry: 31/01/2018.

⁹ H Thames, C Seiple en A Rowe, *International Religious Freedom Advocacy: A guide to Organizations, Law and NGOs*, Waco: Baylor University Press, 2009, bl. 10-11.

¹⁰ Inleiding par. 4 van die *Religious Discrimination Declaration*.

¹¹ H Thames, C Seiple en A Rowe, *International Religious Freedom Advocacy: A Guide to Organizations, Law, and NGOs*, Waco: Baylor University Press, 2009, bl. 1.

¹² Godsdiensgerigte-diskriminasie (“religious discrimination”) moet verstaan word as diskriminasie op grond van 'n persoon se godsdiensgerigte identiteit en moet onderskei word van godsdiensgerigte diskriminasie of godsdiensgemotiveerde-vervolging (vervolging vir die onthalwe van godsdiens oftewel “religiously motivated discrimination” of “discrimination in the name of religion” wat verwys na vervolging).

¹³ Die formulerings vir die begrippe “godsdiensvryheid”, “vryheid van godsdiens” of “godsdiensvryheidsregte”, het kontekstueel soortgelyke betekenis wat vertolk moet word ooreenkomstig internasionale menseregte. Godsdiensvryheid verwys na die reg op vryheid van gewete, denke, godsdiens of oortuiging ingevolge Art. 18 van die *UDHR* en *ICCPR*.

Ten einde ’n geval as godsdiensgebaseerde vervolging te klassifiseer, vereis dit ’n beoordeling van die aard en belang van godsdiensstige identiteit, die invloed wat godsdiensvryheid uitoefen om ’n godsdiensstige identiteit te vorm en te beskerm, en die mate waarin sodanige identiteit die voorwerp van persepsie en diskriminasie word. Gevolglik poog hierdie bespreking om die belang van godsdiensstige identiteit as ’n diepsinnige eksistensiële standpunt te verstaan, as ’n noodsaaklike element in ’n persoon se begrip van sy of haar identiteit, as ’n bron van gedragsreëls, en as ’n grondliggende aspek van menslike vryheid. ’n Beoordeling van die rol wat ’n individuele of gesamentlike godsdiensstige identiteit in ’n gegewe situasie speel, is dus noodsaaklik om die grondslag van vervolging te bepaal.

2. DIE BEGRIP “GODSDIENS”

Ten einde ’n konstruktiewe progressie van denke te bevorder, is dit nodig om eers die begrip “godsdiens” te konseptualiseer voordat die rol van godsdiensstige identiteit ondersoek word. Alhoewel “godsdiens” oor die algemeen verstaan word as ’n innerlike oortuiging wat lei tot die toewyding en nakoming tot ’n spesifiek gekose diepsinnige eksistensiële wêreldsiening, bestaan daar geen universeel aanvaarde omskrywing nie.¹⁴ Gevolglik word “godsdiens” in hierdie artikel oorweeg vanuit die oogpunt van internasionale menseregte, wat deurtastend onderskei tussen die interne en eksterne dimensies van godsdiensvryheid.¹⁵ In hierdie verband moet “godsdiens” duidelik vertolk word om sodoende die vryheid van denke oor alle aspekte, persoonlike gewete en die toewyding tot ’n godsdiens of oortuiging, hetsy dit in gemeenskap met andere of privaat manifesteer, in te sluit.¹⁶ Die persepsie van ’n godsdiensstige identiteit is dus geheel en al afhanklik van die erkenning en beskerming van die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke en oortuiging¹⁷ as ’n grondliggende mensereg.¹⁸ Gevolglik vorm al hierdie filosofies unieke en grondliggende elemente deel van die begrip “godsdiens”.¹⁹

¹⁴ Par. 4 van die UN High Commissioner for Refugees (UNHCR), *Guidelines on International Protection No. 6: Religion-Based Refugee Claims under Article 1A(2) of the 1951 Convention and/or the 1967 Protocol relating to the Status of Refugees*, 28 April 2004, HCR/GIP/04/06. (UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*).

¹⁵ Die *forum internum* of interne vryheid waarborg dat almal die reg op vryheid van gewete, denke, godsdiens of oortuiging, wat die vryheid insluit om ’n godsdiens of oortuiging te hê, hou of handhaaf; verander, vervang of omskakel; kies; of aanneem, en op ’n absolute reg neerkom wat nie beperk kan word of waar nie afbreuk gedoen kan word nie. Die *forum externum* of eksterne vryheid waarborg die vryheid van almal, alleen of in gemeenskap met ander, om in die openbaar of privaat, sy/haar godsdiens uit te leef, maar kan beperk word ooreenkomstig die kriteria uitgestippel in artikel 18(3) van die ICCPR.

¹⁶ UN Human Rights Committee, *General Comment No. 22: The Right to Freedom of Thought, Conscience, and Religion in terms of Article 18 of the ICCPR*. CCPR/C/21/Rev.1/Add.4, 30 Julie, par 1. (UNHRC: *General Comment Nr. 22*)

¹⁷ Art. 18 van die ICCPR. Let daarop dat godsdiensvryheidsregte gelowiges beskerm, hetsy individueel of gesamentlik, en nie die godsdiensstige ideologie nie – H Bielefeldt, N Ghana en M Wiener, *Freedom of Religion or Belief: An International Law Commentary*, Oxford University Press, 2016, bl. 11.

¹⁸ C Walter, *Religion or Belief, Freedom of, International Protection*. *Max Planck Encyclopedia on Public International Law*. In: R Wolfrum, (ed), *Max Planck Institute for Comparative Public Law and International Law*, Heidelberg, Oxford University Press, 2009, bl. 864. Sien Art 18 genoem in die UDHR en die ICCPR.

¹⁹ Par 2 van UNHRC: *General Comment No. 22* vermeld dat godsdiensvryheid insluit... teïstiese, nie-teïstiese en ateïstiese gelowe, asook die reg om geen godsdiens of oortuiging te bely nie. Die terme oortuiging en godsdiens moet duidelik vertolk word [en hulle toepassing moet nie beperk

“Godsdiens” is dus ’n sambreelterm wat nie slegs aspekte van godsdiens in die tradisionele sin bevat nie, maar ook ander aspekte afkomstig van die innerlike, waaronder gewete, denke en oortuiging insluit. Gevolglik dui “godsdiens” op ’n diepsinnige eksistensiële standpunt wat óf gegrond is op: (1) ’n spirituele ontvanklikheid, met ander woorde godsdienstige gelowe, niegodsdienstige gelowe, of ’n algemene godsdiensstelsel; óf (2) ’n persoonlike en elementêre voorkeur wat betrekking het op ’n waardestelsel wat ontstaan uit ’n diepsinnige persoonlike gewete en oortuigings.²⁰ Die geloof in ’n eksistensiële of bonatuurlike entiteit is dus nie ’n voorvereiste om as “godsdiens” gekenmerk te word nie.²¹

Ongeag die presiese aard en omvang daarvan is “godsdiens” oor die algemeen verwant aan mense se diepsinnige eksistensiële oortuigings en die gepaardgaande individuele en gesamentlike etiese en rituele gebruike.²² Alhoewel Bielefeldt *et al.* (2016) teen die “slaggate van nietigheid” waarsku as godsdiensvryheidsregte gebruik word om alle soorte alledaagse belange te beskerm,²³ moet enige konseptualisasie van godsdiensvryheid oop en relatief formeel hanteer word om sodoende vir die insluiting van verskeie vorme van diepsinnige eksistensiële standpunte en oortuiging-gebaseerde manifestasies voorsiening te maak.²⁴ Thames verduidelik as volg:

...[F]reedom of religion or belief institutionalizes due respect for all human beings as potential holders of profound, identity-shaping convictions and conviction-based practices.²⁵

“Godsdiens” beskryf dus die mensdom se eksistensiële verstandhouding van hulle bestaan, identiteit en geneigdheid tot ’n sekere lewenswyse, wat beskerm word kragtens godsdiensvryheidsregte.²⁶ Dit beteken dat ’n volgeling se “godsdienstige identiteit” ’n inherente en gepaardgaande element van sy of haar godsdiensvryheid uitmaak.

’n Omvattende verstandhouding van “godsdiens” regverdig dus ’n breë vertolking van “godsdienstige identiteit” en “godsdiensgebaseerde vervolging”. Dienooreenkomstig kan “godsdiensgebaseerde vervolging” breedweg verstaan word as vervolging op grond van enige diepsinnige eksistensiële identiteit. Wat hierdie vertolking egter kompliseer, is die kompleksiteit

word nie] tot tradisionele gelowe of tot godsdienste en oortuiging met institusionele kenmerke of praktyke gepaardgaande met dié van tradisionele godsdienste nie.

²⁰ Council of Europe, Freedom of thought, conscience and religion: A guide to the implementation of Article 9 of the European Convention on Human Rights, *Human Rights Handbooks*, 2007, Vol 9:11-12.

²¹ Sien byvoorbeeld: Institute on Religion and Public Policy (ed.): *Know your rights: What is Religious Freedom?* Alexandria, Virginia, USA, (September 2014), bl. 3.

²² H Bielefeldt, 2013, Misperceptions of Freedom of Religion or Belief, *Human Rights Quarterly*, 35(1):33-68, The Johns Hopkins University Press, bl. 39.

²³ H Bielefeldt, N Ghana en M Wiener, *FORB: An International Law Commentary*, Oxford University Press, 2016, bl. 19-20.

²⁴ Bielefeldt, Misperceptions of FORB, *Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):38-40. Godsdiensvryheid moet gelyk en nediskriminerend toegepas word op lede van alle godsdiensgemeenskappe, groot of klein. Dit sluit ook in, *inter alia*, godsdiensminderhede en minderhede binne minderhede (byvoorbeeld, sogenoemde “sekte” of “kultusse”), regsgesindes en liberales, bekeerdes of herbekeerdes, afgeskeidenes of ander kritiese stemme, asook vrouens in.

²⁵ H Bielefeldt, Freedom of Religion or Belief: Thematic Reports of the UN Special Rapporteur 2010–2016, 2nd and extended ed. *Religious Freedom Series of the International Institute for Religious Freedom*, 2017, Vol 3:200.

²⁶ UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*, 2004, par 8.

van menslike identiteit. Die volgende afdeling oorweeg dus die aard van identiteit en die rol wat godsdiens speel in die vorming van identiteit.

3. IDENTITEIT EN DIE ROL VAN GODSDIENS IN DIE VORMING VAN IDENTITEIT

In die kern van menslike identiteit is die soeke na persoonlike identiteit sekerlik een van die mees gekompliseerde psigologiese, sosiologiese en filosofiese teenstrydighede wat 'n mens kan ervaar. Dit is deels omdat persoonlike identiteitsemantiek uit 'n breë spektrum “identifiseerders” of faktore bestaan waarmee 'n individu hom- of haarself kan identifiseer of waarmee hy of sy geïdentifiseer word, hetsy op individuele of gesamentlike grondslag. 'n Persoon se eie identiteit of selfbegrip is gegrond op eienskappe, oortuigings, aspekte van persoonlikheid, fisiese voorkoms en uitdrukkings wat die ware self onderskei en deurlopend as 'n eiesoortige en verwante entiteit omskryf.²⁷

“Identiteit” en die vorming van 'n identiteit is 'n ingewikkelde fenomeen wat sowel subjektiewe as objektiewe kriteria vertoon. 'n Persoon kan geïdentifiseer word op grond van sy of haar sosiale stand en assosiasie met sekere identifiseerbare groepe, hetsy deur selfidentifikasie of die persepsies van ander. Die vorming van identiteit is dus merendeels gegrond op interne en eksterne self-konsepsie, persepsie en uitbeelding. Daarby kan verskeie “identifiseerders” gelyktydig bestaan, wat onder andere insluit etnisiteit, nasionaliteit, geslag of kulturele gronde. Identiteitsvorming kan dus beskou word as die voortdurend veranderbare kategorisering van menige mede-bestaande “identifiseerders” waarvolgens 'n persoon herken, geken of waargeneem word.

Die vorming van identiteit is dus sentraal tot die ontwikkeling van 'n individu se persoonlikheid en maak deel uit van 'n grondliggende aspek van menswees en menswaardigheid. Gevolglik vereis hierdie “identifiseerders” universele respek en beskerming wat die vryheid tot die ontwikkeling, verandering of verdediging van 'n mens se individuele of gesamentlike identiteit beskerm.²⁸ “Identiteit” is dus 'n ingewikkelde en plooibare verskynsel gegrond op veelvuldig veranderende “identifiseerders” (identifiserende faktore). Dit kan gevolglik problematies wees om 'n duidelike en identifiseerbare godsdienstige identiteit vas te stel, veral as mens die onbetwisbare onderlinge verband tussen ras, kultuur, nasionaliteit, politiek, etnisiteit, en godsdiens in ag neem.²⁹

3.1 'n Godsdienstige identiteit

Aangesien “godsdiens” breedweg vertolk moet word om alle aspekte van godsdiensvryheid in te sluit,³⁰ veronderstel “godsdiensige identiteit” 'n verwante, onvermydelike en direkvoortspruitende gevolg van die vryheid om 'n gekose diepsinnige eksistensiële standpunt uit te leef, hetsy individueel of saam met ander, in die openbaar of privaat.³¹

²⁷ Par. 119 van die UN Commission on Human Rights, *Report submitted by the Special Rapporteur on Freedom of Religion or Belief, in accordance with Commission on Human Rights Resolution 2002/40*, 15 Januarie 2003, E/CN.4/2003/66.

²⁸ Bielefeldt, *Misperceptions of FORB, Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):44-45.

²⁹ Bielefeldt, *Misperceptions of FORB, Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):45.

³⁰ Par. 1 van die UNHRC: *General Comment Nr. 22*.

³¹ Art. 18 van die ICCPR. Sien ook Bielefeldt, *FORB: Thematic Reports*, 2017, bl. 341.

Vir baie mense maak godsdienstige identiteit ’n essensiële deel uit van hul daaglikse lewens, sin van lewe, die fondament van hulle persoonlike en gesamentlike identiteit, hul omgang met die samelewing oor die algemeen, en hul wêreldsiening.³² Daarom is die term “godsdienstige identiteit” nie bloot verwysend na ’n aspek van identiteit *per se* nie, maar geïntegreerd met alle aspekte van die reg op godsdiensvryheid, insluitende die interne en eksterne dimensies daarvan. Gevolglik kan die aard van ’n “godsdienstige identiteit” een of meer van die volgende oorvleuelende elemente behels: godsdiens as oortuiging, godsdiens as identifiserende element, en godsdiens as lewenswyse.

3.1.1 *Godsdiens as oortuiging*

In hierdie sin verwys ’n volgelinge se godsdienstige identiteit na die aard en keuse van sy of haar diepsinnige eksistensiële oortuiging, wat ’n noodsaaklike deel van die daaglikse lewens van volgelinge uitmaak. Na gelang van die etimologiese vertolking van godsdienstige oortuiging, kan “godsdienstige identiteit” verskeie manifestasies van godsdiens insluit.³³ Die godsdiens-oortuiging van Islam sluit byvoorbeeld die oortuiging in die leer dat daar net een God (Allah) is en dat Muhammad sy boodskapper is in, terwyl ateïstiese standpunte van godsdiens impliseer dat geen godheid bestaan nie. Daar moet onthou word dat godsdiensvryheid ook die vryheid insluit om geen godsdiens of oortuiging te bely nie.³⁴

3.1.2 *Godsdiens as identifiserende element*

Vryheid van godsdiens of oortuiging stel ’n persoon in staat om vrylik sy godsdienstige identiteit, in die breedste sin van die woord, te kies en te ontwikkel.³⁵ ’n Godsdienstige identiteit is dus een van die noodsaaklikste elemente waaruit individuele of gemeenskaplike identiteite bestaan.³⁶ Dit is egter belangrik om te onthou dat ’n individu se godsdienstige identiteit, alhoewel noodsaaklik, een van die ingewikkeldste faktore is wat sy identiteit beïnvloed.³⁷

Die vorming van ’n “godsdienstige identiteit” sluit gewoonlik ook ’n gesamentlike assosiasie en verbintenis tot ’n godsdiens of oortuiging in wat waargeneem of saamgebind word deur gemeenskaplike oortuigings, rituele, tradisies, etnisiteit, nasionaliteit of afkoms.³⁸ ’n “Godsdienstige identiteit” kan vasgestel word wanneer die individu vrylik identifiseer met, of ’n gevoel van aanvaarding het tot, ’n besondere godsdienstige groep of godsdiensgebaseerde gemeenskap.³⁹ Soos hier bo verduidelik is dit moontlik dat die persepsies van ander ’n sekere godsdienstige identiteit aan ’n persoon kan toereken.

³² H Bielefeldt, N Ghana en M Wiener, *FORB: An International Law Commentary*, Oxford University Press, 2016, bl. 11.

³³ Dit kan insluit, *inter alia*: bewustelike kennis en etiese standaarde, die uitoefening van goeie dade of manifestasies van leerstukke, ’n verligte oordeel en oortuiging, ’n gemeenskapsgevoel (bv. *ubuntu*), eensgesinde en vreedsame gelyktydige bestaan, trou en vertroue in die metafisiese aspekte van godheid, die paradokse of transendensie van die lewe, onderworpe aan die hoër gesag of geboorte van ’n verligte of hemelse wese, en dalk uiteindelik, die aanvaarding van die raaisel van die lewe self.

³⁴ Bielefeldt, *Misperceptions of FORB, Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):47-50.

³⁵ H Bielefeldt, N Ghana en M Wiener, *FORB: An International Law Commentary*, Oxford University Press, 2016, bl. 11.

³⁶ Council of Europe, *Freedom of Thought, Conscience and Religion*, 2007, bl. 12.

³⁷ CL Tieszen, *Towards Redefining Persecution, Religious Freedom Series: Suffering, Persecution and Martyrdom*, 2010, Vol 2:163.

³⁸ UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*, 2004, par 6.

³⁹ UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*, 2004, par 6.

It may not be necessary ... for an individual (or a group) to declare that he or she belongs to a religion, is of a particular religious faith, or adheres to religious practices, where the persecutor imputes or attributes this religion, faith or practice to the individual or group

...⁴⁰

Dit beteken dat 'n eksterne persepsie van 'n persoon se godsdienstige identiteit nie bloot beïnvloed word deur wat daardie persoon se verklaarde identiteit is nie, maar dikwels belangriker, op grond van hoe die persoon hom of haar gedra, of deur die uitleef van daardie persoon se godsdienstige identiteit. Boonop kan 'n godsdienstige identiteit op 'n formele manier aan 'n persoon toegewys word, byvoorbeeld deur godsdienstige registrasievereistes.⁴¹ Gevolglik is 'n persoon se godsdienstige identiteit nie 'n feitelike kwessie nie, maar 'n kwessie van subjektiewe of objektiewe persepsie.⁴² Godsdien dien dus as identifiserende faktor (identifiseerder) in terme waarvan 'n volgeling hom- of haarself identifiseer of deur ander geïdentifiseer word as synde 'n sekere identifiseerbare godsdienstige identiteit te hê.⁴³ Byvoorbeeld, iemand wie se godsdienstige oortuiging Boeddhisme is, word as 'n Boeddhis geïdentifiseer, terwyl 'n volgeling van die lering van Confucius (Confucianisme) as 'n Confuciaan geïdentifiseer word, of as 'n Hindoe, 'n Skiëntoloog, 'n ateïs, ensovoorts.

Teen die agtergrond van godsdienstgebaseerde vervolging sluit “godsdienstige identiteit” die gemeenskaplike kenmerk in waarvolgens die vervolger sy slagoffers uitkies.⁴⁴ In sodanige gevalle word die volgeling geassosieer met 'n sekere godsdienstige identiteit wat hom of haar die onderskeidende teiken van vervolging maak, byvoorbeeld gevalle gegrond op Islamofobie, anti-Semitisme en Christenofobie.⁴⁵ Die identiteitselement behels dus 'n duidelike skakel tussen die vervolgingshandeling en die diskriminerende opset om 'n spesifieke slagoffer te teiken gegrond op sy of haar godsdienstige identiteit. Dit beteken dat 'n persoon die teiken van vervolging word weens sy of haar werklike of perseptuele verwantskap aan die geteikende godsdienstige identiteit.

3.1.3 Godsdien as lewenswyse

'n Gekose godsdienstige identiteit vereis gewoonlik die verbintenis tot 'n godsdienstige oortuiging, sowel as die uitleef van sekere gepaardgaande godsdienstige gedrag (met ander woorde optrede wat deur godsdienstige oortuigings gemotiveer word). Dit wil sê dat die nakoming van, of toewyding tot, 'n godsdienstige identiteit 'n volgeling se lewenswyse kan beïnvloed of selfs voorskryf, asook hoe hy of sy aansluiting vind by ander.⁴⁶ Godsdien, en die gepaardgaande oplegging van godsdienstige voorskrifte kan dus as maatstaf vir gedrag dien, wat vele aspekte van persoonlike besluitneming kan rig en die verstandhouding kan beïnvloed van, *inter alia*, etiek en sedelike optrede, asook die persepsie van ander se godsdienstige identiteit. Die toewyding tot 'n godsdienstidentiteit kan so ver gaan as om die

⁴⁰ UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*, 2004, par 9.

⁴¹ J Andrews, *Identity Crisis: Religious Registration in the Middle East*, North Yorkshire: Gilead Books Publishing, 2016.

⁴² H Bielefeldt, *Misperceptions of FORB*, *Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):44.

⁴³ H Bielefeldt, *FORB: Thematic Reports*, 2017, bl. 91.

⁴⁴ K Ambos en S Wirth, *The Current Law of Crimes Against Humanity: An Analysis of UNTAET Regulation 15/2000*, *Crim LF*, 2002, 13:76.

⁴⁵ Par 4 van die *Elimination of all forms of intolerance and of discrimination based on religion or belief*: Resolution/Adopted by the General Assembly, 16 Maart 2009, A/RES/63/181.

⁴⁶ UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*, 2004, par 8.

vervolgung van ander godsdienstige identiteite te regverdig of te motiveer. Marshall stel dit as volg:

Since religious freedom involves the freedom to live out one's religion, it is also a question of what people's faith leads them to be and to do, so that their actions rather than their identity can become the object of others' rage.⁴⁷

Hoewel die vorming van 'n mens se "godsdienstige identiteit" altyd moet oop wees vir verandering, ontwikkeling en keuse,⁴⁸ moet daarop gelet word dat godsdienstvryheid nie dieselfde gevolg het as die vryheid van keuse nie, terwyl godsdienst voorskrytelik kan wees word keuse gekenmerk deur beraadslaging.⁴⁹ Keuse bly deurgaans noodsaaklik om vrylik 'n besluit oor godsdienstige identiteit te neem, maar sodra sodanige besluit geneem is, skryf meeste oortuigings spesifieke godsdienstgefundeerde voorskrifte aan volgelinge. Terwyl die nakoming van 'n godsdienstige identiteit meestal positief tot sedelike gedrag bydra,⁵⁰ kan 'n godsdienstideologie interaksie negatief motiveer en die bronoorsaak wees vir onverdraagsaamheid, diskriminasie en vervolging.⁵¹ In laasgenoemde gevalle moet dit in ag geneem word dat die interpretasie van godsdienstige leerstellings menslike ingryping verg.⁵² Gevolglik is dit die menslike vertolking van godsdienstige tekste en/of leringe deur godsdienstleiers wat aanleiding gee tot radikale of fundamentalistiese ingesteldhede, optrede en selfs vervolging.

Ter opsomming: 'n godsdienstige identiteit, tesame met 'n veelvoudigheid van ander oorvleuelende "identifiseerders" (identifiserende faktore), is 'n noodsaaklike bestanddeel in individuele identiteitsdinamika. Daarom kan die vorming van persoonlike identiteit, gegrond op die kritieke komponente van menswaardigheid en vryheid van keuse, 'n gekompliseerde

⁴⁷ P Marshall, Persecution of Christians in the Contemporary World, *International Bulletin of Missionary Research*, 1998, 22(1):5.

⁴⁸ H Bielefeldt, *Misperceptions of FORB*, *Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):44. Bielefeldt waarsku dat die duidelikheid van 'n persoon se identiteit altyd oorweeg moet word as 'n aanpasbare persoonlike agenda van diepsinnige eksistensiële denke gebaseer op die kritieke komponent van vrye keuse waarom godsdienstvryheidsregte gekonseptualiseer is. Om dit anders te doen, kan die vryheid van keuse wat gepaardgaan met godsdienstige of oortuigingsgebaseerde identiteite weersprek word en die risiko inhou dat sekere persone of groepe uitgesluit word van die beskerming daarvan.

⁴⁹ M Sandel, *Democracy's Discontent: America in Search of a Public Philosophy*. Cambridge: Harvard University Press, 1998.

⁵⁰ In 'n godsdienstpluralistiese gemeenskap kan afwykende godsdienstige identiteite vreedsaam gelyktydig bestaan, sonder om negatiewe intra-persepsies te huisves.

⁵¹ Gemeenskaplike en godsdienstige onenighede word nie beperk tot vyandskap gemik teen volgelinge of gemeenskappe van verskillende gelowe (intergodsdienstig) nie, maar kan ook verskille binne dieselfde godsdienst insluit, maar tussen verskillende denominasies, of onder lede van dieselfde denominasie (intragodsdienstig of intrasektaries) – *UN Rapporteur's Digest on Freedom of Religion or Belief: Excerpts of the Reports from 1986 to 2011 by the Special Rapporteur on Freedom of Religion or Belief Arranged by Topics of the Framework for Communications*. Geneva, 2011, bl. 75. Besikbaar by: <<<https://www.ohchr.org/Documents/Issues/Religion/RapporteursDigestFreedomReligionBelief.pdf>>>. Toegang verkry: 09/08/2016.

Let daarop dat sulke diskriminerende neigings gegrond op godsdienst ook deur die Staat ingestel kan word, veral in situasies waar State aan 'n amptelike godsdienstige identiteit getrou bly – H Bielefeldt, N Ghana en M Wiener, *FORB: An International Law Commentary*, Oxford University Press, 2016.

⁵² Bielefeldt, *FORB: Thematic Reports*, 2017, bl. 195.

verskynsel wees wat voortdurend in ’n toestand van outonome veranderlikheid bly.⁵³ ’n “Godsdienstige identiteit” is die neweproduk van die handhawing van ’n gekose eksistensiële standpunt as ’n onveranderlike gepaardgaande gevolg van die grondliggende reg op godsdiensvryheid. Gegrand op die breë vertolking van “godsdien” in internasionale menseregte behoort die bestek van “godsdienstige identiteit” nie beperk te word tot ’n eng vertolking van identiteitsemantiek nie. Daar is egter aangevoer dat ’n persoon se “godsdienstige identiteit” nie net beperk is tot blote identiteitsemantiek nie, maar dat dit ’n aantal belangrike funksies en gevolge kan hê.⁵⁴ Eerstens kan ’n godsdienstige identiteit ’n volgeling se lewensbeskouing en innerlike bewussyn inspireer (met ander woorde godsdiens as ’n oortuiging – diepsinnige eksistensiële standpunt). Tweedens kan ’n godsdienstige identiteit ’n volgeling se individuele en/of gesamentlike identiteit beïnvloed, in terme waarvan ’n volgeling self-identifiseer of deur ander geïdentifiseer word as synde ’n sekere identifiseerbare godsdienstige identiteit te hê (met ander woorde godsdiens as ’n identifiserende element). In die konteks van godsdiensgebaseerde vervolging beteken dit dat die godsdienstige identiteit van ’n vervolgte die identifiserende faktor word waarop hy of sy diskriminerend gerig word. Laastens kan die getrouheid tot ’n godsdienstige identiteit en die gepaardgaande ideologieë en praktyke, ’n volgeling se lewenswyse, optrede en interaksie met ander beïnvloed of selfs voorskryf (dit wil sê godsdiens as ’n lewenswyse). In meeste gevalle het die verbintenis tot, en gepaardgaande uitleef van, ’n godsdienstige identiteit, ’n positiewe uitwerking op volgelinge se gedrag, sedelikheid en lewensbeskouing. Daar is egter gevalle waar ’n gebrek aan godsdienstige pluralisme teenoor ander godsdienstige oortuigings aanleiding kan gee of selfs die bronnoorsaak kan wees van verskynsels van onverdraagsaamheid, diskriminasie en vervolging.

4. ’N GESAMENTLIKE GODSDIENSTIGE IDENTITEIT

Benewens die identifiserende faktore eie aan individuele identiteitsdinamika, kan menige persone ook ’n sin van gesamentlike identiteit of affiniteit vorm, onder meer op grond van godsdienstige agtergrond.⁵⁵ In hierdie afdeling word die groepaspekte dus oorweeg: groeidentiteit as ’n grond vir vervolging, die aard van ’n gesamentlike godsdienstige identiteit en hoe godsdiensgebaseerde vervolging daarmee verband hou.

4.1 Groeidentiteit en vervolging

Alhoewel dade van vervolging teen individue gepleeg word, word sulke individue meestal geteiken “weens” hul werklike of perseptuele verwantskap aan die geteikende “identifiseerbare” groep. “Identifiseerbaarheid” is nou verwant aan die kwessie van identiteit, en of ’n spesifieke aspek van identiteit die identifiseerbare teiken van die vervolger se diskriminerende vervolgingsgedrag was. In die konteks van Art 7(1)(h), gelees in samehang met Art.7(2)(g)

⁵³ H Bielefeldt, *Misperceptions of FORB*, *Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):44.

⁵⁴ Stefanus Alliance International, *Freedom of Religion or Belief for everyone*, Oslo, 2012, bl. 6. Beskikbaar by: <<<https://d3lwycy8zkggea.cloudfront.net/1510921391/forb-booklet-2017-english.pdf>>>. Toegang verkry: 10/06/2016.

⁵⁵ Sodanige gesamentlike identiteit kan afkomstig wees van ’n verskeidenheid faktore, wat onder andere insluit gesins- en uitgebreide familiebande, professionele en loopbaanverwante verbintenisse en affiliasies gegrand op stam-, nasionale, etniese of godsdienstige agtergrond – J Andrews, *Identity Crisis: Religious Registration in the Middle East*, North Yorkshire: Gilead Books Publishing, 2016.

van die Statuut van Rome moet daar ’n neksus bestaan tussen die vervolgingshandeling en ’n identifiseerbare groep of kollektiwiteit (“collectivity”) op grond van hul gesamentlike identiteit, wat op een of meer van die beskermende gronde moet berus.⁵⁶ In hierdie verband impliseer ’n “groep” blykbaar ’n enkele of spesifieke groep, terwyl ’n “kollektiwiteit” ’n versameling van ’n aantal groepe wat aangeval word, insluit.⁵⁷ Die gesamentlike identifiseerder (identifiserende faktor) op grond waarvan ’n spesifieke vervolgte groep gekies word, bepaal die aard van die diskriminerende opset en gevolglike grond of modus van vervolging.

4.2 Die aard van ’n gesamentlike godsdienstige identiteit

’n Godsdienstige groep of godsdienstige gemeenskap deel ’n “gesamentlike godsdienstige identiteit” wat gegrond is op gedeelde oortuigings, standpunte en morele geneenthede.⁵⁸ Volgelinge wat dieselfde godsdienstige, denominasie, aanbiddingswyses of algemene oortuiging deel, kan dus geag word as ’n beskermde godsdienstige groep met ’n samehorige gesamentlike godsdienstige identiteit.⁵⁹

Daarbenewens bevat godsdienstvryheid ’n eksplisiete gemeenskapsdimensie om sodoende praktiese uitvoering te gee aan sekere van die normatiewe kernwaardes daaraan verbonde.⁶⁰ Die assosiasie met ’n sekere godsdienstige identiteit of godsdienstige groep gee erkenning aan elkeen se reg om vrylik ’n keuse te maak rakende sy/haar godsdienstige en die uitleef daarvan in oorleg met ander, wat hul dus deel maak van ’n identifiseerbare en beskermde godsdienstige gemeenskap.⁶¹ ’n “Godsdienstige groep” moet breedweg vertolk word, op voorwaarde dat hulle deur ’n enkele spirituele ideaal verenig word.⁶² Daarom sluit sodanige gesamentlike godsdienstige identiteit enige groep met ’n diepsinnige en wesenlike eksistensiële standpunt in, waaronder teïstiese, nieteïstiese, politeïstiese, en ateïstiese gelowe, asook agnostici, skeptici of die niebelangstellendes.⁶³

4.3 Godsdienstige vervolging en ’n gesamentlike godsdienstige identiteit

In die konteks van die pleeg van vervolgingshandelinge, moes die oortreder besef het of subjektief geglo het, dat die geteikende groep ’n sekere gesamentlike godsdienstige identiteit

⁵⁶ Art. 7(1)(h), gelees saam met Art. 7(2)(g) van die Statuut van Rome.

⁵⁷ H Brady en R Liss, *The Evolution of Persecution as a Crime Against Humanity*, in *Historical Origins of International Criminal Law: Volume 3*, M. Bergsmo et al. (eds), Torkel Opsahl Academic EPublisher, Brussels, 2014, bl. 550. In Noord-Korea bestaan godsdienstvryheid byvoorbeeld eenvoudig nie en godsdienstige groepe is onwettig, *per se*. Gevolglik, is godsdienstige mense herhaaldelik en deeglik vervolgt. Dit beteken in werklikheid dat alle godsdienstige groepe in Noord-Korea, wat ’n “kollektiwiteit” uitmaak, geteiken word.

⁵⁸ D Jary en J Jary, *Collins Dictionary of Sociology, Collins Dictionary of Series, Collins Internet-Linked Dictionary of Series*, Glasgow: Collins, 3de uitgawe, 2005, bl. 93. Die term is in 1893 deur die Franse sosioloog, Émile Durkheim, voorgestel in sy doktorsale verhandeling, *The Division of Labour in Society*.

⁵⁹ *Prosecutor v Clément Kayishema and Obed Ruzindana (Trial Judgement)*, Case No. ICTR-95-1-T, 21 May 1999, par. 98.

⁶⁰ H Bielefeldt, N Ghana en M Wiener, *FORB: An International Law Commentary*, Oxford University Press, 2016, bl. 22.

⁶¹ Sien Art. 18 gemeenskaplik aan die UDHR en die ICCPR, asook UNHRC *General Comment Nr. 22*.

⁶² M Lippman, *The 1948 Convention on the Prevention and Punishment of the Crime of Genocide: Forty-Five Years Later*, *TICLJ*, 1994, Vol. 8:29.

⁶³ H Bielefeldt, *Misperceptions of FORB*, *Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):38.

het. As die godsdienstgroep op sigself die voorwerp van die vervolgingsgedrag is, is dit belangrik dat die groep individue 'n gemene spirituele verbintenis of gesamentlike godsdienstige identiteit deel, hetsy dit 'n werklike of perseptuele verwantskap is. Die bepaling, “weens die identiteit van die groep of kollektiwiteit” behoort breedweg vertolk te word sodat dit situasies insluit waar die volgeling: (1) inderdaad behoort of sodanige gevoel van verwantskap het aan (of assosieer, steun of identifiseer met),⁶⁴ 'n godsdienstige identiteit in objektiewe sin (werklike godsdienstige identiteit); (2) blyk 'n godsdienstige identiteit te hê gegrond op die persepsie van ander, of na die mening van die oortreder (perseptuele godsdienstige identiteit),⁶⁵ of (3) verbind word met 'n godsdienstige identiteit as gevolg van godsdienstige registrasievereistes (aangewese godsdienstige identiteit).⁶⁶

Ter opsomming: 'n gesamentlike godsdienstige identiteit bestaan uit 'n groep individue wat verenig word deur 'n enkele diepsinnige eksistensiële standpunt. Die wesenlike diskriminerende aard van vervolging is gemik op 'n spesifiek identifiseerbare groep of kollektiwiteit, maar die vervolgingsdade word nietemin gepleeg teen individue, mits die geteikende individu met die gesamentlike godsdienstige identiteit verbind word, hetsy dit gebaseer is op objektiewe kriteria of die subjektiewe persepsie van die vervolger.⁶⁷

5. “GODSDIENSTIGE IDENTITEIT” AS DIE PRIMÊRE GRONDSLAG VAN GODSDIENSGERIGTE DISKRIMINERENDE OPSET

Die kompleksiteit en voortdurend veranderende veelvuldigheid van onskeibare “identifiseerders” in terme van individuele identiteitsdinamika, bemoeilik die herkenning van 'n identifiseerbare godsdienstige identiteit in vergelyking tot 'n spesifieke groep vervolgdes.⁶⁸ Gevolglik, beïnvloed dit pogings om die grond of modus van vervolging te identifiseer en sodanig te klassifiseer, wat in sommige gevalle verder bemoeilik word deur ander faktore, soos die motiverende snellers vir vervolging,⁶⁹ sekulêre, politieke en diplomatieke diskoers, en die wankarakterisering van gevalle van vervolging in konfliktsituasies.⁷⁰ 'n Geskikte

⁶⁴ Kan ook werklike of perseptuele lidmaatskap, ondersteuning of identifisering met 'n geteikende godsdienstige identiteit insluit – C Byron, *War Crimes and Crimes Against Humanity in the Rome Statute of the International Criminal Court*, Manchester University Press, 2009, bl. 230.

⁶⁵ W Schabas, *Genocide*, *Max Planck Encyclopedia on Public International Law*, In R Wolfrum, (ed.), Max Planck Institute for Comparative Public Law and International Law, Heidelberg, Gepubliseer deur Oxford University Press, 2011, par. 24.

⁶⁶ J Andrews, *Identity Crisis: Religious Registration in the Middle East*, North Yorkshire: Gilead Books Publishing, 2016, bl. 24.

⁶⁷ O Triffterer en K Ambos, 2de uitgawe, *Commentary on the Rome Statute of the International Criminal Court: Observers' Notes, Article by Article*, Beck Publishers, 2008, bl. 217.

⁶⁸ Kadayifci-Orellana, SA. Ethno-Religious Conflicts: Exploring the Role of Religion in Conflict Resolution, *The SAGE Handbook of Conflict Resolution*. In: J Bercovitch *et al.* (eds), SAGE, London, 2008, bl. 264-280.

⁶⁹ Motiverende snellers vir vervolging verwys na die bronoorsake van motiewe van godsdienstgebaseerde vervolging, wat nie noodwendig op sigself anti-godsdienstig of godsdienstgemotiveerd is nie. Daar kan egter verskeie motiverende snellers wees om vervolging te pleeg, maar “the motives of the accused for taking part in the attack are irrelevant and a crime against humanity may be committed for purely personal reasons” – *Prosecutor v Dragoljub Kunarac, Radomir Kovac en Zoran Vukovic (Appeal Judgement)*, IT-96-23 & IT-96-23/1-A, 12 Junie 2002, par 103 in O Triffterer en K Ambos, *Commentary on the Rome Statute*, Oxford University Press, 2008.

⁷⁰ Dit is dikwels die geval waar godsdienstgemotiveerd gewapende groepe aan die konflik deelneem.

voorbeeld is die vervolging en uitwissing van die “Joodse identiteit” in terme van die Nazi’s se anti-Semitiese beleid. In hierdie geval is dit baie moeilik om te bepaal watter kenmerk van die “Joodse-identiteit” die grondslag was vir vervolging, in ag genome die ingewikkelde wisselwerking en onseibaarheid van veelvuldige identiteitsaspekte, insluitende nasionaliteit, afkoms, tradisie, godsdiens, etnisiteit, taal en kultuur. Vervolging is dus gewoonlik ’n veelvlaklike snypunt van verskeie beskermde gronde,⁷¹ wat beteken dat sekere groepe vervolgd word meer intens en meer as gevolg van die saamgestelde effek van veelvuldige kruisingsgronde.⁷²

As gevolg van hierdie interseksionaliteit tussen veelvuldige “identifiseerders” kan dit in sekere gevalle moeilik wees om ’n duidelike en identifiseerbare godsdienstige identiteit vas te stel ter klassifisering van godsdienstegebaseerde vervolging.⁷³ Bielefeldt merk as volg op:

[R]eligion can be used as a proxy for a person’s or a group’s ethnicity, resulting in overlapping ethnic, racial, and religious identities, at times to a degree of becoming indistinguishable. This includes possible overlaps in the respective grounds of discrimination.⁷⁴

Ten spyte hiervan word geredeneer dat dit steeds moontlik behoort te wees om te herken watter aspek van gesamentlike identiteit die primêre grond van vervolging uitmaak. Vir doeleindes van die klassifisering van die vervolgingsmodus in ’n spesifieke geval is die bepalende faktor *nie* of die vervolgd word tot ’n spesifiek identifiseerbare groep in ’n objektiewe sin behoort *nie*, maar eerder die subjektiewe persepsie van die vervolger rakende ’n identiteitsaspek van die vervolgd.⁷⁵ Met ander woorde, die subjektiewe opvatting van die vervolger bepaal die grondslag waarvolgens die groep uitgesonder en oordeelkundig geteiken word, en bepaal sodanig die vervolgingsmodus.

Die basis of modus van vervolging dui dus aan dat ’n spesifieke aspek van die vervolgd se identiteit die primêre basis vorm van die oortreder se diskriminerende opset.⁷⁶ Die grond van vervolging word met ander woorde bepaal na aanleiding van ’n aspek van die identiteit van die geteikende groep, of die gebrek daaraan, te beoordeel, en of so ’n identiteitsaspek die deurslaggewende grondslag is op grond waarvan die vervolger sodanige besondere vervolgd word uitgesonder en oordeelkundig geteiken het. Dit wil sê, om die grond van vervolging te

Byvoorbeeld, die “vervolgingsverduistering” in Nigerië – Anonieme outeur, *Nigeria: Persecution or Civil Unrest?* Volledige verslag deur World Watch Unit van Open Doors International, *Is conflict in Nigeria really about persecution of Christians by radical Muslims?*, 24 Junie 2013, Beskikbaar by: <<<https://www.worldwatchmonitor.org/old-site-imgs-pdfs/2576904.pdf>>>. Toegang verkry: 03/12/2018.

⁷¹ J Fox, *Ethnoreligious Conflict in the Late Twentieth Century: A General Theory*, Lanham: Lexington Books, 2002, bl. 75.

⁷² Baie vrouens ly byvoorbeeld onder ’n veelvoud tipes diskriminasie en vervolging op grond van die interseksionaliteit tussen godsdiens en geslag – Bielefeldt, *FORB: Thematic Reports*, 2017, bl. 156. ’n Gepaste voorbeeld is *Da’esh* se behandeling van Yazidien en Christenvroue en meisies in Noord-Irak en Sirië – sien Nel, *International criminal accountability for religious persecution*, 2019, bl. 378-380.

⁷³ Die idee van etnisiteit oorvleuel byvoorbeeld met ras, kultuur, nasionaliteit, en godsdiens.

⁷⁴ H Bielefeldt, *Misperceptions of FORB*, *Human Rights Quarterly*, 2013, 35(1):44-45.

⁷⁵ WA Schabas, *Genocide in International Law*, Galway: Cambridge University Press, 2011.

⁷⁶ G Acquaviva en F Pocar, *Crimes Against Humanity*, *Max Planck Encyclopedia on Public International Law*. In: R Wolfrum, (ed.), *Max Planck Institute for Comparative Public Law and International Law*, Heidelberg, 2011. Gepubliseer deur Oxford University Press, par. 16.

identifiseer behels ’n tweeledige oorweging van twee aparte, tog samehangende aspekte, *viz.* godsdiensterigte diskriminerende opset as (1) die identifiserende element, en (2) die primêre of deurslaggewende grondslag van godsdiensterigebaseerde vervolging. Hierdie twee aspekte word hier onder bespreek. Die aard van die diskriminerende opset van die vervolger is egter nie altyd voor die hand liggend nie, aangesien dit dikwels moeilik kan wees om die vervolger se motief vir vervolging te onderskei van sy of haar opset om ’n spesifieke persoon of groep te vervolg. Gevolglik sal daar ook in hierdie afdeling onderskei word tussen “godsdiensterigebaseerde vervolging” en “godsdiensterigemotiveerde vervolging”.

5.1 Godsdiensterigte diskriminerende opset as die identifiserende element

Die “identiteitselement” moet in ’n breë sin geïntepreter word, met verwysing na die algemene identiteitskenmerk waarvolgens die vervolgdes deur die vervolger uitgesonder en geteiken is.⁷⁷ Hierdie oordeelkundige identifisering van spesifieke slagoffers op grond van hul identiteit veronderstel dus ’n opsetlike diskriminerende ingesteldheid by die vervolger. In die konteks van hierdie skrywe sal ons op godsdiensterigte diskriminasie fokus.

Die uitdrukking “godsdiensterigte diskriminasie” behels differensiële behandeling as gevolg van godsdienstige identiteit, wat doelbewus tot gevolg het dat die erkenning, genot of uitoefening van menseregte en grondliggende vryhede op ’n gelyke basis geskend of ontken word.⁷⁸ Met ander woorde, diskriminasie op grond van ’n godsdienstige identiteit is op sigself ’n inbraak op die reg op gelykheid. Dit kan egter ook toeneem tot optrede wat ’n wesenlike benadeling vir die betrokke persoon inhou.⁷⁹ Sodanige uitermatige godsdiensterigte diskriminasie kan situasies insluit wat neerkom op misdade teen die mensdom (“godsdiensterigebaseerde vervolgingsvergrype”), en selfs volksmoord, wat geag word as die uiterste en mees gruwelike gevolg van rasse- en godsdienstige diskriminasie.⁸⁰

Die *Religious Discrimination Declaration* verskaf ’n duidelike aanduiding van die inherente en dikwels ondeelbare neksus tussen godsdiensterigte diskriminasie en die ontneming van godsdiensterigheidsregte. Normaalweg ontnem die selfde godsdienstige diskriminerende ideologie wat doelbewus inbreuk maak op die reg op gelykheid op grond van godsdienstige identiteit, ook sodanige vervolgdes van die erkenning, genot of uitoefening van grondliggende godsdiensterigheidsregte.⁸¹ Dit is gevolglik waarneembaar dat diskriminasie en vervolging teen gemeenskappe weens hulle godsdienstige identiteit, ’n besonder afbrekende uitwerking het op die uitleef van godsdiensterigheid.⁸² “Godsdiensterigebaseerde vervolgingsvergrype” hoef egter nie noodwendig ’n beperking te plaas op, of lei tot die ontneming van, ’n gelowige se vermoë om sy of haar godsdiensterig of oortuiging in stand te hou of uit te oefen nie,⁸³ aangesien dit ’n

⁷⁷ K Ambos en S Wirth, *The Current Law of Crimes Against Humanity*, Cambridge University Press, 2002, bl. 76.

⁷⁸ Art. 2(2) van die *Religious Discrimination Declaration*, 1981.

⁷⁹ UNCHR: *Religion-Based Refugee Claims*, 2004, par 17.

⁸⁰ T van Boven, *Racial and Religious Discrimination*, *Max Planck Encyclopedia on Public International Law*. In: R Wolfrum (ed.), *Max Planck Institute for Comparative Public Law and International Law*, Heidelberg: Oxford University Press, 2009, bl. 609.

⁸¹ Vir ’n bespreking van ander kommerwekkende patrone wat uit godsdiensterigte diskriminasie voortvloei, sien *Rapporteur’s Digest on Freedom of Religion or Belief*, 2011, bl. 55-56.

⁸² General Issue 82 of the UN Report, *United Nations World Conference Against Racism*, 2001, par 59.

⁸³ CL Tieszen, *Re-Examining Religious Persecution*, 2008, bl. 42-44. Sien ook die *Bad Urach Statement* gepubliseer as deel van die kompendium op die *Bad Urach Consultation: Suffering*,

ernstige ontneming of skending van enige grondliggende mensereg vereis, en nie spesifiek godsdienstvryheidsregte nie.⁸⁴

Diskriminasie “op grond van” die godsdienstige identiteit van ’n groep of kollektiwiteit kan op twee wyses vertolk word:

- (1) ’n “Besondere godsdienstgerigte diskriminerende opset” in terme waarvan die groep of kollektiwiteit op ’n positiewe manier omskryf word met betrekking tot die godsdienstige identiteit van diegene wat geteiken word, (byvoorbeeld diegene met ’n Hindoe of Shia Moslem identiteit). ’n “Besondere godsdienstgerigte diskriminerende opset” teiken met ander woorde spesifieke persone omdat hulle ’n sekere godsdienstige identiteit het of blyk te hê, en dus word die diskriminerende opset eng toegepas.
- (2) ’n “Uitgebreide godsdienstgerigte-diskriminerende opset” in terme waarvan die groep of kollektiwiteit deur die vervolger geïdentifiseer word as synde *nie* van dieselfde godsdienstige identiteit of oortuiging as dié van die vervolger nie.⁸⁵ Die teikengroep of kollektiwiteit word dus op ’n negatiewe manier omskryf wat enige persoon/e vanuit ’n nie-aanvaardende of andersdenkende godsdienst of oortuiging mag insluit (byvoorbeeld enige identiteite wat nie-Christene is nie of enigiemand wat nie in *Allah* glo nie). Sodanige “uitgebreide godsdienstgerigte-diskriminerende opset” verwys dus na die opsetlike teiken van enigiemand wat *nie* aan ’n besondere godsdienst of oortuiging behoort nie.⁸⁶

Die slagoffers van godsdienstgebaseerde-vervolging kan dus ’n persoon, identifiseerbare groep of kollektiwiteit insluit wat geteiken is op grond van hulle godsdienstige identiteit (“besondere godsdienstgerigte-diskriminerende opset”) of gebrek daaraan (“uitgebreide godsdienstgerigte-diskriminerende opset”), hetsy sodanige identifikasie gebaseer is op werklike objektiewe kriteria of op die perseptuele afleiding van die vervolger. Gevolglik is dit noodsaaklik om te bewys dat die vervolger met ’n besondere of uitgebreide godsdienstgerigte-diskriminerende opset opgetree het.

Sodanige opset kan bewys word deur middel van direkte getuienis wat dui op ’n eksplisiete diskriminerende opset,⁸⁷ maar kan ook afgelei word uit die omstandighede (afgeleide diskriminerende opset)⁸⁸ wat *prima facie* bewys verskaf van ’n duidelike patroon van gods-

persecution and martyrdom – Theological reflections. Geredigeer deur C Sauer en R Howell, Religious Freedom Series: Suffering, Persecution and Martyrdom, Vol 2, Kempton Park: AcadSA Publishing/Bonn: VKW, 2010, 41.

⁸⁴ Art. 7(1)(h), gelees saam met Art. 7(2)(g) van die Statuut van Rome.

⁸⁵ O Triffterer en K Ambos, *Commentary on the Rome Statute*, Oxford University Press, 2008, bl. 217.

⁸⁶ C Byron, *War Crimes and Crimes Against Humanity*, 2009, bl. 229-230.

⁸⁷ H Brady en R Liss, *Evolution of Persecution*, 2014, bl. 536. Waar ’n uitdruklike of gesistematiseerde beleid van bewuste en godsdienstgerigte diskriminasie binne ’n gestruktureerde groep bestaan, of in gevalle waar ’n *de facto*-owerheid bydra tot ’n doelbewuste beleid van passiewe toleransie wat bewustelik gemik word teen die aanmoediging van sulke godsdienstgerigte diskriminasie en vervolging. Die bestaan van so ’n beleid kan egter nie alleen uit die afwesigheid van regerings- of organisatoriese optrede afgelei word nie. – *ICC Elements of Crimes*, art 7, Inleiding, voetnoot 6.

⁸⁸ H Brady en R Liss, *Evolution of Persecution*, 2014, bl. 536. Dit beteken nie dat ’n diskriminerende opset outomaties of direk uit die algemene diskriminerende aard van die vervolgingsgedrag afgelei kan word nie – *Prosecutor v Milorad Krnojelac (Appeal Judgment)*, Case No. ICTY-97-25-A, ICTY, 17 September 2003, par 184. Bevestig in *Prosecutor v Tihomir Blaškić (Appeal Judgment)*, Case No. IT-95-14-A, ICTY, 29 Julie 2004, par 164, en *Prosecutor v Dario Kordic, Mario Cerkez (Appeal Judgment)*, Case No. IT-95-14/2-A, 17 Desember 2004, par 110.

diensgerigte-diskriminasie.⁸⁹ ’n Afgeleide diskriminerende opset kan egter slegs uit die konteks afgelei word indien die omstandighede rondom die pleeg van die beweerde handeling die bestaan van sodanige opset bevestig tot so mate dat sodanige afleiding die enigste redelike gevolgtrekking is wat gemaak kan word.⁹⁰ Dit wil sê dat die gesamentlike godsdienstige identiteit van diegene wat vervolgt word, aanwysend kan wees van die aanwesigheid van ’n godsdienngerigte-diskriminerende opset by die vervolger. Verder kan ’n godsdienngerigte-diskriminerende opset ook afgelei word uit die vervolger se daadwerklike deelname aan, en verbintenis met, ’n eksplisiete godsdienngerigte-diskriminerende beleid onder die gesag van ’n *de facto* gebiedsowerheid.⁹¹

Alhoewel die verstaan van ’n godsdienngerigte-diskriminerende opset, soos hier bo uiteengesit, nou verwant is tot, en selfs inherent impliserend is van, gepaardgaande godsdienngerigte-gebaseerde-vervolg, is dit egter noodsaaklik vir doeleindes van die klassifikasie daarvan, dat die vervolgdde geteiken is “op grond van” hul werklike, perseptuele of aangewese lidmaatskap (of gebrek daaraan) tot ’n identifiseerbare godsdienstige identiteit.⁹² Met ander woorde, daar moet ’n neksus bestaan tussen die godsdienngerigte-diskriminerende opset van die vervolger en die oordeelkundige teiken van spesifieke slagoffers. Andersom, godsdienngerigte-gebaseerde vervolging is ’n verskyningsvorm van vervolging in terme waarvan die vervolgdde hoofsaaklik geteiken is omdat hulle ’n sekere godsdienstige identiteit aanhang.⁹³

5.2. Godsdienngerigte diskriminerende opset as die primêre (deurslaggewende) grondslag van godsdienngerigte-gebaseerde vervolging

